Hoekom gesertifiseerde moere?

Dr Niël Theron: Hoof Uitvoerende Beampte, Aartappels Suid-Afrika

Dit is 'n voldonge feit dat 'n gesonde aartappelbedryf sinoniem is met 'n effektiewe sertifiseringstelsel en die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf is in die bevoorregte posisie dat die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema as een van die bestes ter wêreld gereken word. Daar bestaan ook geen handboek of dokument wat oor aartappelverbouing handel, waarin nie melding gemaak word van die noodsaaklikheid om van gesertifiseerde moere gebruik te maak nie.

Die gebruik van gesertifiseerde moere vorm die basis van enige bestuursprogram wat 'n gesonde aartappeloes tot gevolg het. Aartappels word vegetatief vermeerder en die gebruik van knolle eerder as ware saad skep unieke probleme en uitdagings, veral ten opsigte van siektebeheer. Om die voorkoms van knolgedraagde siektes te verlaag en moerbronne van klone van verbeterde kultivars, vry van vermenging, beskikbaar te stel is aartappelmoersertifiseringsprogramme wêreldwyd gevestig.

Dit is noodsaaklik dat elke aartappelprodusent oor 'n goeie begrip van die konsep en prosedures van sertifisering en moerprogramme beskik. Die produsent moet egter ook besef dat hoewel daar 'n sertifiseringskema bestaan en van gesertifiseerde moere gebruik gemaak word, dit nie die alfa en omega vir 'n suksesvolle aartappeloes is nie. Daar is vele ander beperkings en uitdagings wat die hoof gebied en oorkom moet word, so ook binne 'n sertifiseringskema, alvorens werklike sukses behaal kan word. Dit is derhalwe van kardinale belang dat alle belanghebbendes in die aartappelbedryf die omvang van die Suid-Afrikaanse Sertifiseringskema verstaan en bewus is van sy onderliggende beperkings.

Die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema word gebaseer op 'n vertikale sowel as horisontale uitfaseringsbeginsel (Fig. 1). Dit kom kortliks op die volgende neer:

Horisontale uitfasering

Moere word binne 'n generasie in drie moerkwaliteitsklasse ingedeel, naamlik Elite, Klas1 en Standaardklas, op grond van die siektestatus en kwaliteit van die moere. Dit bied die unieke geleentheid aan die koper om 'n ingeligte keuse te kan uitoefen oor wat in sy eie behoefte sal voldoen. Dit is belangrik om te besef dat alhoewel standaardklas moere nog vir 'n kommersiële aanplanting geskik is, dit nie vir verdere moervermeerderings geskik nie. Die kans is dus uiters skraal om standaardklas moere aan te plant en te verwag om 'n nageslag binne die neergelegde siektetoleransies te produseer.

Vertikale uitfasering

Moere word weens generasie (landvermeerderings), ongeag die siektestatus, na elke vermeerdering een generasie aangeskuif. Die doel van die vertikale uitfasering is hoofsaaklik gemik op risikobestuur en om moere voortdurend uit te faseer. Dit is ook uiters belangrik om te besef dat generasie 4 moere byvoorbeeld nie noodwendig beter as generasie 8 moere is nie, behalwe as die siektestatus dieselfde is.

Dit is moontlik dat moere verskeie generasies weens 'n té hoë siektestatus aangeskuif kan word. Die doel daarmee is om so 'n moerebron vinniger uit die bedryf te verwyder.

Sertifiseringsprosedure

Sertifisering behels die volgende opeenvolgende prosesse:

Registrasie van 'n eenheid

Die volgende is van kardinale belang alvorens 'n eenheid vir registrasie aanvaar kan word:

- Die betrokke land het die vereiste rotasieperi-

Vervolg op bl 38

Figuur 1



Gesertifiseerde moere

vervolg van bl 37

ode deurloop.
- Die isolasievereistes, waar van toepassing, is nagekom.
- Die eenheid is met die korrekte gesertifiseerde moere vir die beoogde generasie gevestig.

Landinspeksies

Twee verpligte landinspeksies moet deur opgeleide sertifiseringsbeamptes uitgevoer word waartydens veral op die volgende gelet word:

- Voorkoms van siektes, veral verwelk- en virussiektes,
- Kultivarvermenging.

Die sertifiseringsbeamptes kan na goeddunke meer as die verpligte twee landinspeksies uitvoer. Aanplantings moet ten tye van die landinspeksies aan die neergelegde toleransies voldoen om afgraderings in generasies weens die voorkoms van siekte en kultivarvermenging te voorkom. Afgraderings tydens landinspeksies is onomkeerbaar, ongeag 'n gunstige laboratoriumuitslag. Enige verwelkte plant moet aan 'n amptelike ondersoek onderwerp word ten einde die oorsaak van die verwelksimptoom te bepaal.

Landmonsters en laboratoriumtoetse

Na suksesvolle afloop van die neergelegde landinspeksies word knolmonsters na loofdoding deur die sertifiseringsbeamptes volgens die neergelegde protokolle getrek. Die onderskeie monsters word aan neergelegde laboratoriumtoetse onderwerp vir die bepaling van die teenwoordigheid van mosaïekvirus, rolbladvirus sowel as *Ralstonia solanacearum*, die veroorsakende organisme van bakteriese verwelk.

Knolinspeksies

Tydens knolinspeksie word die knolle geïnspekteer vir die teenwoordigheid van moergedraagde siektes en plae sowel as fisiologiese afwykings. Afhangende van die mate van voorkoms van die afwykings word die aanbieding in een van die drie kwaliteitsklasse soos reeds genoem, geklassifiseer. Vervolgens word elke 25 kg sak van 'n etiket wat die kultivar, datum van sertifisering en kwekerskode aandui, voorsien en geseël met 'n seël wat ook die betrokke kwaliteitsklas aandui. Elke etiket beskik ook oor 'n unieke nommer wat die betrokke sak moere kan identifiseer.

Tydens knolinspeksie word daar ook op grond van neergelegde prosedure knolmonsters, sogenaamde na-kontrole monsters, getrek. Die monsters word deur die kontrolerende laboratorium aan neergelegde laboratoriumtoetse onderwerp vir die bepaling van die teenwoordigheid van mosaïekvirus, rolbladvirus asook om moontlike kultivarvermenging te bepaal.

Opsomming

Kennis van die faktore wat moerkwaliteit beïnvloed het sedert die aanvang van die moerverbeteringsprogramme reeds verbeter en het die verwagtings van kopers van gesertifiseerde moere verhoog. Dit is egter belangrik dat besef moet word dat daar inherente beperkings bestaan wat dit onmoontlik maak om 'n onfeilbare en perfekte sisteem te bekom. Anders gestel, dit is bykans onmoontlik om alle defekte uit te skakel en op te spoor.

Die twee grootste beperkinge ten opsigte van moerkwaliteit binne 'n sertifiseringskema is eerstens dat inspeksies visueel uitgevoer word en laboratoriumtoetse slegs op plant- of knolmonsters uitgevoer word en tweedens dat geïnfekteerde plante of knolle simptoomloos kan wees.